

***Campuloclinium macrocephalum***

**Pompom – bossie**

**Pom pom weed**



**Blomkoppe in volle blom**



**Pompom in volle blom, Welgevonden**

(Foto's verskaf met vergunning van Jeremy Goodall en ARC, SAPIA Nuus, 2 Januarie 2007)

**Beskrywing:** 'n meerjarige, regop (> 1 m hoog) kruidagtige plant met pragtige, sagte, pienk / pers blomme in die somer, (Desember-Maart); in die winter kwyn dit tot slegs 'n wortelkroon. Die stingel is bedek met growwe hare en blare vertoon liggroen.

**Oorsprong:** Van Suid-Amerika is dit na Suid-Afrika ingevoer as dekoratiewe blom en vir die eerste keer as 'n genaturaliseerde spesie aangeplant in die 1960s, by die Fonteine Sirkel/ Vallei in Pretoria.

**Voorkoms:** Langs die paaie, in oop grasvelde, die Gautengse Hoëveld (veral Pretoria), verspreide dele in die noordelike Limpopo (Waterberg, Tzaneen), Mpumalanga (Barberton), die Vrystaat en KZN.

**Hoekom dit 'n probleem is:** dit is oneetbaar vir groot herbivore en sodra dit in die grasveld gevestig is, word dit 'n ernstige indringer - in so 'n mate dat dit die veld se agteruitgang en dus 'n verlaagde biodiversiteit tot gevolg het. Dit is as onkruid (Kategorie 1) en 'n verbode gewas verklaar en moet dus beheer of uitgewis word, waar moontlik.

**Uitroei- / Beheermetode:** dit is problematies omdat die plantdele, bo die grondoppervlak, d.m.v 'n brand of onkruiddoders gestimuleer word om in nuwe lote te ontkiem en produseer daarna selfs meer blomme, maar herhaalde aanwending van doders kan wel suksesvol wees om die plante te vernietig. Fisiese verwydering, insluitend die verwydering van die ontlukende blomkoppe, kan die gewas beheer, maar nie uitskakel nie. Aangesien die plant tot twee weke lank neem om dood te gaan, moet die blomkoppe terselfdertyd opgetel word en in 'n stewige plastieksak verbrand word. Wees versigtig wanneer die blomme gepluk word, want die plant produseer 'n groot hoeveelheid saad, wat liefers nie deur die wind versprei moet word nie. Fisiese verwydering word slegs aanbeveel vir plante wat geïsoleerd voorkom. Verwydering van blomkoppe kan help om verspreiding te bekamp maar kan ook as stimulerende dien, wat produksie van 'n groter getal blomkoppe, tot gevolg het.

Onkruiddoders moet so vroeg as moontlik in die seisoen toegedien word, verkieslik vóór blomtyd. Opleiding vir die identifisering van die plante word vereis. Daar is 'n verskeidenheid van geregistreerde onkruiddoders beskikbaar :

- Almal vereis die byvoeging van 'n verspreidings- en benattingsmiddel; gebruik slegs die tipe wat deur die etiket gespesifiseer word;
- Alle onkruiddoders moet gebruik word wanneer dit vars gemeng is (moenie die oplossing oornag laat staan nie).
- **Let Wel: Voer die instruksies, wat op die spesifieke onkruiddoder se etiket verskyn, noukeurig uit.** Baie onkruiddoders is ook giftig vir ander plante en/of wild en vee, wanneer dit foutiewelik gebruik word. (Die wangebruik van onkruiddoders is 'n kriminele oortreding in terme van Wet 36 van 1947).

Geregistreerde onkruidodders sluit in:

- **Brush-Off** (L4535) (metsulfuronmetiel 600g/kg): 'n korrelagtige poeier. Wend vroeg-somer met 'n knapsakspuit op die blare van aktief-groeiende plante aan.
- **Forester** (L8891) (voorheen bekend as "Climax") (metsulfuronmetiel 600g/kg): 'n oplosbare poeier. Gebruik tesame met die benattingsmiddel, "H & R Crop Oil" (L6802). Wend direk op die blare aan.
- **Plenum** 160ME (L7702) (fluoroxypyr / picloram, 80/80 g / L)\*: 'n oplossing.
- **Access** 240 (4920) (picloram 240 g / L, 'n kaliumsout)\*: 'n oplossing. Gebruik die benattingsmiddel Actipron. Wend direk aan op die blare, van November tot Januarie.

\* **Let Wel:** Die gebruik van picloram oor groot gebiede kan 'n probleem word omdat die chemiese element daarvan baie langdurig is en aktief in die grond bly en maak dat dit maklik deur plantwortels geabsorbeer word. Dit bemoeilik die aanwending daarvan deurdat dit met groot omsigtigheid hanteer moet word om te verhoed dat ander plantegroei daardeur nadelig beïnvloed word; veral wanneer dit as blaarsproei aangewend word, eerder as direkte aansmeer daarvan op uitgroeisels.

Biologiese beheer word tans ondersoek.



Pompom aan die onderkant van die Voortrekkermonument voor behandeling (links, Feb 2011) en nadat dit behandel is deur "Werk vir Water" (regs, Jan.2012). Behandelings sal jaarliks gedoen word om uitwissing te verseker. Foto's met vergunning deur Ferdie Jordaan.

### Bronnelys:

ARC-LNR *Onkruid- & Indringerplante webwerf*: [www.agis.agric.za/wip](http://www.agis.agric.za/wip)

ARC-LNR *SAPIA News* 2 (Januarie 2007), 4 (Augustus 2007), 14 (Januarie 2010), 15 (April 2010).  
LNR - Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, Pretoria. [www.arc.agric.za](http://www.arc.agric.za)

Bromilow, Clive (2010): *Problem Plants and Alien weeds of South Africa*. Briza. Pretoria.

Henderson, Lesley (2001): *Alien Weeds and Invasive Plants*. Landbou Navorsingsraad (LNR), Pretoria.

Jeremy Goodall, ARC-PPRI, Cedara - pers komm.

Van Zyl, Kathy, (samesteller) (2005): *Control of Unwanted Plants*. Xact Information, Pretoria.

Van Zyl, Kathy, (samesteller) (2012): *Problem Plant Control Compendium*. AVCASA, Midrand  
([info@croplife.co.za](mailto:info@croplife.co.za))

Spesiale dank aan Dr. Gerhard Verdoorn van Griffon Poison Information Centre, Mnr. Ferdie Jordaan van Arysta Lifescience en Me. Lesley Henderson van LNR (ARC) vir hul waardevolle raad en leiding. Hulle entoesiastiese ondersteuning van hierdie vrywillige projek word opreg waardeer.